



JONGSTE PRESTASIESYFERS

Die aandelemark het in 2005 skitterend presteer. Hoewel die herstel laat verlede jaar oor die hele spektrum plaasgevind het, was dit die prestasie van die edelmetaal-aandele wat beleggers se verbeelding aangegryp het. Ons het ook gesien hoe van die agterblywende sektore soos banke en nywerheidsaandele ingehaal het.

Danksy 'n sterk rand, getemperde inflasieverwagtinge en 'n stewige vooruitsig vir die ekonomie, verwag Old Mutual Batebestuurders (OMBB) dat ekonomiese groei in 2006 sterk sal bly. Daar is egter risiko's. Indien die rand kwaai verswak of die olieprys skerp styg, kan die tweederonde-impak van petrolprysverhogings veroorsaak dat inflasie, en gevolglik ook rentekoerse, styg.

OMBB beveel egter steeds aan dat beleggers hul opbrengs-verwagtinge aanpas en nie 'n herhaling van 2005 moet verwag nie. Lees meer oor OMBB se batebeskouing op bladsy 4: *Batetoewysing in die loop van 2006*.

Belangrik om te onthou: Wanneer u na die prestasietabel hiernaas kyk, sal u opmerk dat die prestasie van die verskillende effeketrusts aansienlik verskil. Dit is uiters belangrik om in gedagte te hou dat alle effeketrusts streng volgens hul mandaat bestuur word. Die Primafonds mag byvoorbeeld net in effekte en kontant belê en kan nie uit die onlangse lopie van aandele voordeel trek nie. Insgelyks moet wêreldfondse die grootste deel van hul portefeulje oorsê belê, ongeag valutabewegings en die prestasie van wêreldmarkte.

Koop en verkoop onderaandele aanlyn in 2006



Vir diegene van u wat die internet vir omtrent enigiets gebruik – nuus, die weer, inkopies en om u effeketrustwaardes na te gaan – sal dit aangenaam wees om te verneem dat Old Mutual Effeketrusts

hard besig is om die transaksievermoë van ons veilige webtuiste terug te bring.

Hierdie vermoë is verwyder met die implementering van FICA (Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum) asook ons oorskakeling na 'n nuwe administrasiesetel.

In Maart beskikbaar

As u tans op Old Mutual Effeketrusts se veilige webtuiste geregistreer is en aan die vereistes van FICA voldoen het (identifisering en verifiëring van persoonlike besonderhede), sal u u onderaandele aanlyn kan koop en verkoop sodra ons dit in werking gestel het.

Wees op die uitkyk vir die Junie-uitgawe van Finansiële Gesproke vir die jongste nuus. Vir meer besonderhede, skakel gerus ons Dienssentrum by 0860 234 234.

FONDS	Prestasie % p.j.		
	1 jaar	3 jaar	5 jaar
Beleggersfonds	35,3	31,6	23,0
Dinamiese Vloerfonds	21,0	17,4	N.V.T.
Enhanced Income Fund	12,4	N.V.T.	N.V.T.
Finansiële & Nywerheidsfonds	30,7	34,1	16,7
Finansiële Diensfonds	34,8	34,0	16,5
Four Plus Capital Fund of Funds	14,6	12,7	N.V.T.
Four Plus Global Fund of Funds	25,6	13,8	10,1
Four Plus Growth Fund of Funds	25,3	23,8	17,0
Four Plus Secure Fund of Funds	5,9	8,1	N.V.T.
Gebalanseerde Fonds	27,8	24,3	17,4
Geldmarkfonds	6,9	8,8	9,5
Goudfonds	60,1	5,8	29,5
Groiefonds	35,9	34,7	23,2
Hoëdividendfonds	27,9	37,7	32,3
Inkomstefonds	7,8	10,7	10,9
Internasionale Groiefonds van Fondse	20,9	4,6	-0,8
Kleinmaatskappyefonds	32,5	42,5	28,2
Mynbou- & Hulpbronnepfonds	59,2	25,5	33,3
Primafonds	10,6	14,6	15,3
SA Genoteerde Eiendomsfonds	44,6	N.V.T.	N.V.T.
Top 40 Fonds	45,5	25,6	N.V.T.
Topmaatskappyefonds	32,2	34,0	21,9
Veelsydige Fonds	30,6	27,2	18,4
Verbruikersfonds	31,5	42,5	29,9
VK Geldmarkvoederfonds	3,1	-5,2	2,1
Waardefonds	29,7	36,5	28,3
Wêreldaandelefonds A	25,5	9,0	1,4
Wêreldaandelefonds R	25,9	9,6	2,1
Wêreldeffektevoederfonds	4,2	-3,9	4,0
Wêreldtegnologiefonds	15,2	7,4	-14,4
Suid-Afrikaanse VPI	3,7	2,5	4,8

Bron: MoneyMate. Enkelbedragbelegging tot einde Desember 2005, uitkerings herbelê en NBW-NBW pryse gebruik (d.w.s. aanvangskoste uitgesluit). Old Mutual Effeketrusts is deur die JSE Sekuriteitebeurs SA gelisensieer om die FTSE/JSE Top 40 Indeks-naam te gebruik

Old Mutual Effeketrusts Januarie 2006. Finansiële Gesproke is 'n nuusbrief wat as 'n diens aan Old Mutual Effeketrusts se beleggers gepubliseer word. Hoewel dit met redelike sorg saamgestel is, aanvaar Old Mutual Effeketrusts geen aanspreeklikheid vir enige verlies of skade wat gely, of onkoste wat aangegaan kan word as gevolg van inligting wat in hierdie publikasie vervat is nie. Geen stelling in hierdie nuusbrief moet beskou word as 'n aanbeveling om 'n spesifieke fonds of produk te koop of verkoop nie. Ons stel voor dat u ons of u finansiële adviseur skakel voordat u enige besluite neem wat op hierdie inligting gegrond is. Indien u bykomende eksemplare van hierdie nuusbrief wil ontvang, skakel asseblief ons Dienssentrum (0860 234 234). This publication is also available in English as Financially Talking. Effeketrusts is gewoonlik 'n medium- tot langtermynbelegging. Vorige prestasie is nie 'n aanduiding van toekomstige groei nie. Dit is belangrik dat u voorbereid moet wees op skommeling oor die korter termyn, terwyl u belegging in ooreenstemming met die markte beweeg. Wisselkoersbewegings of skommeling kan meebring dat die waarde van onderliggende internasionale beleggings styg of daal. 'n Aanvangsheffing (van 0% tot 5,7% van die beleggingsbedrag) word afgetrek voordat onderaandele gekoop word. Hierdie heffing kan kommissie (tot 3% van die beleggingsbedrag) insluit. Jaarlikse diensgeld (van 0,57% tot 2,28%) word op die markwaarde van die fonds se bates bereken (inkomste en toelaatbare aftrekkings uitgesluit) en van die portefeulje afgetrek op 'n maandelikse grondslag. Four Plus-fondse en die Internasionale Groiefonds van Fondse kan kommissie van 0,57% uit die diensgeld betaal. Verdere heffings wat van die fonds se portefeulje afgetrek kan word, is verpligte en bankkoste, makelaarsloon, belasting op bemerkbare effekte, ander belasting en heffings, bewaarder- en trusteegeelde, en ouditgeelde. 'n Lys van heffings en koste en maksimum kommissie is by die maatskappy/tussenganger verkrygbaar. Die daaglikse prys is die huidige waarde van die fonds se bates plus inkomste (minus uitgawes), gedeel deur die getal uitgereikte onderaandele. U kan u belegging maklik verkoop teen die heersende prys van die dag (soos bereken om 15h00 op 'n vooruitprysingsgrondslag). Die Old Mutual Geldmarkfonds se onderaandeleprys is staties en rente word daaglik om 13h00 verklaar. Al die nodige dokumente moet voor 15h00 (13h00 vir Geldmarkfonds) ontvang word om op dieselfde dag nog verwerk te word. Spesialaandelefondse kan 'n groter risiko inhoud, aangesien blootstellingsperke ten opsigte van 'n enkele sekuriteit hoër kan wees. 'n Fonds van fondse-effeketrust belê altyd in ander kollektiewe beleggingskemas, wat hul eie heffings kan vra. Die Dinamiese Vloerfonds, Hoëdividendfonds en Enhanced Income Fund kan gesluit word om ooreenkomstig hul mandaat bestuur te kan word. Lid van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings, SA.



JANUARIE 2006

Finansiële Gesproke



2. Gevaar van gesondheid

4. Wat om te verwag in 2006

6. D-D-S of D-D-V-M?

8. Jongste prestasiesyfers

binne






'n Langer leeftyd kan ons leefstyl

Alexander die Grote het op 33-jarige leeftyd gesterf. Dit was 'n goeie ouderdom gedurende 'n tyd toe die gemiddelde lewensverwachting ongeveer 25 was. Danksy die voortuitgang van die mediese wetenskap, beter openbare gesondheidsstelsels en beter voeding leef ons nou aansienlik langer... en aangesien ons nie die hele Asië met 'n koker vol pyle hoef te deurkruis nie, kan dit net die syfers verder verhoog!

BEJAARDES RAAK OUER

Oor die afgelope eeu het die gemiddelde lewensverwachting van ongeveer 50 tot meer as 75 jaar gestyg. Hoe langer die mens bestaan, hoe langer sal ons waarskynlik leef. In die Verenigde State is die gemiddelde lewensverwachting vanaf geboorte 77 jaar. Amerikaners wat ouderdom 65 bereik, kan egter verwag om gemiddeld nog 18 jaar te leef, tot die rype ouderdom van 83.

'n Soortgelyke tendens is te bespeur onder ouer Suid-Afrikaners. Ongelukkig het die vernietigende uitwerking van siektes soos Vigs



Ons droom gedurende ons hele werkleeftyd van aftrede en van al die dinge wat ons gaan doen en plekke wat ons wil sien... maar dit hang alles af van hoeveel geld ons gespaar het. Een van die grootste risiko's vir afgetredenes is dat hulle hul inkomste kan oorleef.

alternatiewe (soos die Inkomstefonds of Enhanced Income Fund) oorweeg om hul kapitaal en, sover moontlik, hul inkomstevlakke te beskerm. Tracy

Geheime spaarfonds ry die kruin van die golf (FG Okt 2005)

“Dankie vir die Oktober 2005-uitgawe van Finansiële Gesproke... My ervaring stem ongelukkig nie ooreen met dié van mev Jean Miller nie (3,5 keer groei). Ek het 'n klein deurlopende belegging in die Wêreldaandelefonds wat sukkel om 2,7 keer groei – effektief 8% p.j. na 9 jaar – te behaal.” M Clarke

Ongelukkig het plaaslike markte gedurende die termyn van u belegging die oorsese markte oortref. Deel van die probleem met oorsese beleggings was die uitwerking van die rand. In Mei 1996 was die rand R4,33/VS\$ en oor die betrokke 9-jaartydperk het die rand met 46% teenoor die VS dollar gedepresieer.

Afgesien van valutarisiko, het internasionale aandele oor die afgelope drie jaar swak presteer (sien die diagram op bladsy 6 vir prestasievergelykings oor die langer termyn). Volgens die Wêreldaandelefonds se mandaat moet minstens 85% te alle tye in oorsese aandele belê wees, terwyl die Beleggersfonds, waarin mev Miller belê het, minstens 85% in Suid-Afrikaanse aandele belê.

Ondanks hierdie swak prestasie van onlangs, is ons nog steeds van mening dat dit verstandig is om 'n deel van u totale beleggingsportefeulje oorsee te belê – ter wille van valuta-, land- en markdiversifikasie. Tracy



Van die Redakteur

Tracy Hennessy, Hoof van Kommunikasie

Ons wens u almal alles van die beste toe vir 2006, en ons hoop hierdie jaar hou baie voorspoed in vir ons land. Daar heers beslis groot optimisme – lees oor OMBB se sienings op bladsy 4.

Dankie aan diegene van u wat aan ons geskryf het, geskakel het of e-pos gestuur het. Ons waardeer dit regtig om van u te verneem.

Briewe (geredigeer ter wille van beknoptheid)

Die ware risiko van kontantbeleggings (FG Okt 2005)

“Dankie vir 'n interessante nuusbrief... maar hoewel Craig Gradidge miskien in sommige gevalle reg is oor (nie-) belegging in kontant, moet 'n mens in sekere omstandighede vir sekere persone in ag neem dat dit gerade is om eers die R11 000 (nou R15 000 – Red.) belastingvrye rente op beleggings op te gebruik voordat ons in effektrusts begin belê.” B Abrey

Goeie punt. Belastingvrystellings is 'n belangrike voordeel en geld ook vir alle rentedraende effektrusts. Die risiko om oor die lang termyn in die Geldmarkfonds of kontant te belê, bly egter 'n bekommernis. Baie kliënte volg hierdie roete en ons meen dit is belangrik dat hulle ander inkomsteskeppende

Finansiële Gesproke, Old Mutual Effektrusts, Posbus 207, Kaapstad 8000, Dienssentrum: 0860 234 234, Faks: 0860 220 207 E-pos: unitrusts@oldmutual.com, Internet: www.oldmutualunitrusts.co.za

Die “doen-dit-vir-my”-benadering (D-D-V-M), wat belegging in 'n aktief bestuurde risikoprofiel-gebaseerde portefeulje behels, waar die fondsbestuurder in 'n aantal bateklasse kan belê. Daar is 'n aantal bestuurde oplossings beskikbaar waar besluite oor batetoewysing en marktydsberekening aan die fondsbestuurder oorgelaat word. Met die keuse van 'n bestuurde oplossingsfonds is daar 'n kleiner behoefte aan omskakelings en gereelde portefeulje-aanpassings, aangesien dit binne die portefeulje vir u gedoen word.

Mits die toepaslike fonds(e) op grond van u risikoprofiel en beleggingsbehoefte gekies word, kan hierdie fondse 'n waardevolle rol speel om u risiko met verloop van tyd te bestuur.

Vir die doen-dit-vir-my-belegger:

BELEGGERSBEHOEFTE	KERNFONDS	RISIKOPROFIEL (uit 5)	BATEKLAS
Inkomste: matige sekuriteit, hoë inkomste, bietjie kapitaalgroeiopotensiaal	Enhanced Income Fund	Matig konserwatief (2)	Kontant, effekte, eiendom
Kapitaalbeskerming: minimale inkomste, hoër groeiopotensiaal met sterk risikobestuur	Dinamiese Vloerfonds	Matig (3)	Kontant, aandele
Groei/Inkomste: matige inkomste, matige kapitaal-groeiopotensiaal	Gebalanseerde Fonds	Matig aggressief (4)	Aandele, effekte
Groei: lae inkomste, hoë kapitaalgroeiopotensiaal	Veelsydige Fonds	Aggressief (5)	Aandele, kontant, effekte
Groei: wêreldwye diversifikasie, lae inkomste, hoë kapitaalgroeiopotensiaal	Internasionale Groeifonds van Fondse	Aggressief (5)	Internasionale aandele, effekte, kontant

Hoewel markskommeling oor die kort termyn senutergend kan wees, is dit die langtermynprentjie wat werklik saak maak. Deurlopende finansiële beplanning, tesame met 'n portefeulje wat volgens die beginsel van diversifikasie saamgestel is, kan beleggers help om hul beleggingsdoelwitte oor die lang termyn te bereik. Vir gesonde advies, gesels met u makelaar of u Old Mutual Finansiële Adviseur.

“Hallo, hoe kan ek u help?”

'n Onlangse (onafhanklike) opname deur Ask Africa het getoon dat ons Dienssentrum as die beste dienssentrum in Old Mutual beskou word, met 'n tevredenheidskoers van meer as 90%. Ontmoet van ons agente wat tot hierdie koers bygedra het en wat strewe om met elke kliënte-interaksie tevredenheid te verseker:

Freddie Africa



Freddie het in 1999 by ons Dienssentrum aangesluit. Sy strewe is om te verseker dat elke kontak met 'n kliënt op 'n deskundige en professionele wyse hanteer word, en kliënte kan uitsien na toekomstige skakeling met ons Dienssentrum. Freddie hou van ontwerp, kuns en kultuur en ondersteun ons plaaslike kunstenaars deur gereeld hul uitvoerings by te woon.

Dit is wat u oor sy diens te sê gehad het:

“...diens is hofflik, vriendelik en professioneel. Dit is regtig 'n plesier om deur 'n professionele persoon bedien te word.” FR Maritz

Simoné Meyer



Simoné werk ook sedert 1999 in ons Dienssentrum. Sy geniet dit om met mense uit alle vlakke van die samelewing te kommunikeer. Sy het 'n passie vir kliëntediens en haar doelwit is om altyd die kliënt se verwagtinge te oortref. Sy praat op 'n persoonlike vlak met kliënte, maar bly altyd professioneel.

Dit is wat u oor Simoné gesê het:

“Ek het regtig doeltreffende en uitstekende diens van Simoné ontvang. Sy is werklik 'n aanwinst vir die maatskappy.” A Schoeman

“Een ding is seker – daar is hoogs doeltreffende mense by Old Mutual!!!” S Cowley

“Dankie vir jou brief om die oorplasing te bevestig. Ek is beïndruk met die wyse waarop jy die hele transaksie bespoedig het. Baie, baie dankie. Jy's 'n ster!” S Ormiston



Sprei die risiko en kry nog steeds die voordele: Doen-dit-self of doen-dit-vir-my

Die plaaslike aandele mark het 'n goeie jaar agter die rug. Die FTSE/JSE Alle Aandele-indeks het tot einde Desember 2005 'n opbrengs van 47% gelewer. Kontantopbrengste het steeds teleurgestel – geldmarkbeleggers moes toesien hoe hul inkomste binne net drie jaar gehalveer word.

Die uiteenlopende prestasie van verskillende beleggings-tipes (bateklasse) beklemtoon hoe belangrik diversifikasie is. Sprei u risiko. Die tyd en ervaring het geleer dat geen bateklas elke jaar die uitblyker is nie. Daarenteen kan 'n belegger met 'n gediversifiseerde portefeulje wat in kontant, effekte, eiendom en plaaslike en internasionale aandele belê is, uit goeie opbrengste voordeel trek wanneer een bateklas goed vaar, terwyl die negatiewe impak van 'n swakker presterende bateklas versag word.

'n Modelportefeulje wat 20% in kontant, 20% in effekte, 20% in plaaslike aandele, 20% in internasionale aandele en 20% in eiendom belê, sou vir 2005 'n reële opbrengs (d.w.s. groei minus inflasie) van 21% gelewer het.

Wanneer u besluit hoe om u effeketrusts ten beste te diversifiseer, is daar twee breë opsies:

Die “doen-dit-self”-benadering (D-D-S). Dit stel u in staat om u eie portefeulje saam te stel deur 'n aantal kernfondse te gebruik wat op verskillende bateklasse fokus. Hierdie benadering kan vereis dat u u portefeulje meer gereeld moet herbalanseer. Met verloop van tyd sal sekere bateklasse beter vaar as ander, en 'n portefeulje kan oorgewig word in 'n bateklas wat onlangs goed presteer het.

Vir die doen-dit-self-belegger:

BELEGGERSBEHOEFTE	KERNFONDS	RISIKOPROFIEL (uit 5)	BATEKLAS
Kontantbestuur: veilig, hoë inkomste, geen kapitaal-groei-potensiaal	Geldmarkfondse	Konserwatief (1)	Kontant
Groei & inkomste: hoë inkomste, hoë kapitaal-groei-potensiaal	SA Genoteerde Eiendoms-fondse	Matig (3)	Genoteerde eiendom
Groei: plaaslike diversifikasie, lae inkomste, hoë kapitaal-groei-potensiaal	Beleggersfondse	Matig aggressief (4)	Aandele
Groei: plaaslike diversifikasie, lae inkomste, hoë kapitaal-groei-potensiaal	Waardefondse	Matig aggressief (4)	Waarde-tipe aandele
Aggressiewe groei: lae inkomste, hoë kapitaal-groei-potensiaal	Topmaatskappyfondse	Aggressief (5)	Aandele (OMBB se aggressiewe aandeelkeuses)
BUITELANDSE FONDSE:			
Kontantbestuur: veilig, hoë inkomste, geen kapitaalbestendigheid, wêreldwye diversifikasie	VK Geldmarkfondse	Konserwatief (1)	Kontant (GBP Sterling)
Inkomste: matige sekuriteit, hoë inkomste, beperkte kapitaal-groei-potensiaal, wêreldwye diversifikasie	Wêreldeffektevoederfondse	Matig konserwatief (2)	Internasionale effekte
Groei: wêreldwye diversifikasie, lae inkomste, hoë kapitaal-groei-potensiaal	Wêreldaandelefondse	Matig aggressief (4)	Internasionale effekte

1996	1997	1998	1999	2000	2001	2002	2003	2004	2005
Buitelandse Aandele 22,02%	SA Effekte 27,33%	Buitelandse Aandele 36,32%	SA Aandele 49,91%	SA Vaste Eiendom 22,34%	Buitelandse Aandele 31,05%	SA Vaste Eiendom 16,94%	SA Vaste Eiendom 32,58%	SA Aandele 38,47%	SA Vaste Eiendom 41,98%
SA Kontant 16,31%	SA Kontant 17,22%	SA Kontant 17,79%	SA Vaste Eiendom 48,46%	SA Effekte 18,87%	SA Aandele 21,81%	SA Effekte 15,26%	SA Aandele 22,19%	SA Vaste Eiendom 34,78%	SA Aandele 36,84%
SA Effekte 12,90%	SA Vaste Eiendom 17,17%	Gediversifiseerde 11,55%	Gediversifiseerde 33,67%	Buitelandse Aandele 14,19%	Gediversifiseerde 19,70%	SA Inflasie 12,41%	Gediversifiseerde 17,32%	Gediversifiseerde 18,81%	Buitelandse Aandele 24,55%
SA Aandele 11,71%	Gediversifiseerde 14,19%	SA Inflasie 9,08%	SA Effekte 27,15%	Gediversifiseerde 12,62%	SA Effekte 18,35%	SA Kontant 11,53%	SA Effekte 17,13%	SA Effekte 14,43%	Gediversifiseerde 24,14%
Gediversifiseerde 10,66%	Buitelandse Aandele 6,47%	SA Effekte 5,46%	Buitelandse Aandele 27,13%	SA Kontant 10,95%	SA Vaste Eiendom 16,66%	Gediversifiseerde 1,33%	SA Kontant 12,78%	SA Kontant 8,22%	SA Effekte 10,43%
SA Inflasie 9,31%	SA Inflasie 6,05%	SA Vaste Eiendom 3,14%	SA Kontant 15,72%	SA Inflasie 6,99%	SA Kontant 10,61%	SA Aandele 1,22%	Buitelandse Aandele 1,90%	SA Inflasie 3,39%	SA Kontant 6,90%
SA Vaste Eiendom -9,66%	SA Aandele 2,77%	SA Aandele -4,98%	SA Inflasie 2,24%	SA Aandele -3,24%	SA Inflasie 4,59%	Buitelandse Aandele -38,22%	SA Inflasie 0,33%	Buitelandse Aandele -1,85%	SA Inflasie 3,68%

Kalenderjare geëindig 31 Desember. Uitkerings herbelê, koste uitgesluit.
SA Aandele: kategorigemiddelde vir SA Algemene Aandele
SA Kontant: Alexander Forbes Geldmarkindeks
SA Eiendom: kategorigemiddelde vir SA Vaste Eiendom plus syfers van 1995 en 1996 verskat deur OMBB SA
SA Effekte: kategorigemiddelde vir SA Effekte
Buitelandse Aandele: kategorigemiddelde vir Buitelandse Aandele

bedreig

en TB ons lewensverwagting “vanaf geboorte” tot ongeveer 47 jaar verkort. Suid-Afrikaners wat ouderdom 60 bereik, kan egter verwag om langer te leef.

In die 1980's kon 52% van persone wat op ouderdom 60 afgetree het, verwag om nog 20 jaar te leef. Nou sal 67% na verwagting tot 80 leef, terwyl 10% 'n volle eeu sal leef (dit is 40+ jaar na aftrede!). Dit beteken die gemiddelde lewensverwagting van Suid-Afrikaanse afgetredenes is tans 88 jaar.

BEMEESTER U AFTREEJARE

Daar is 'n paar dinge wat ons moet oorweeg wanneer ons vir aftrede beplan:

- **Begin vroeg.** Die tabel toon hoeveel jaar u aftree-inkomste sal hou, wat afhang van wanneer u begin belê het en hoeveel van u maandelikse salaris u belê het.

Met inagneming van die feit dat ons na aftrede gemiddeld nog 28 jaar leef, toon die groen blokkies in watter scenario's mens jou aftreespaargeld sal oorleef.

- **Wees realities. Moenie meer onttrek as wat u verdien nie.** Die groot risiko van 'n te groot inkomste-onttrekking is dat dit ons kapitaalbasis laat krimp. Kyk na die twee voorbeelde hieronder.

Belegger A verdien 'n opbrengs van 8% p.j. op sy aftreebelegging, maar moet 'n inkomste van 10% per jaar trek om te kan oorleef. Na 20 jaar het sy inkomste en kapitaalbasis met amper 'n derde gedaal.

Belegger B verdien ook 'n opbrengs van 8% p.j. op sy aftreebelegging. Hy trek 8% inkomste in jaar een, en verhoog sy inkomste elke jaar met die inflasiekoers. As ons 'n inflasiekoers van 5% veronderstel, sal hierdie belegger se kapitaal na 16 jaar en 5 maande uitgeput wees.

- **Wees bereid om meer risiko te aanvaar.** Tans word ongeveer 50% van die effeketrustbedryf se bates in vasterentebeleggings geplaas. Hierdie fondse* het oor die afgelope 10 jaar gemiddeld 15% p.j. gelewer, maar oor die afgelope 12 maande net 8,5%. Terwyl rentekoerse skerp daal, loop baie beleggers groot gevaar dat hul geld deur inflasie geërodeer kan word. (*Gemiddelde van alle effekte-, inkomste- en geldmarkfondse tot einde Desember 2005. Bron: MoneyMate, uitkerings herbelê, NBW-NBW pryse.)

Gegewe die moontlikheid dat u nog amper 30 jaar na aftrede kan leef, sal u kapitaalgroei sowel as inkomste nodig hê. Dit

Duur van Aftree-inkomste (jare)

Persentasie van maandelikse salaris belê tot ouderdom 60	5%	10%	15%	20%	25%	30%	35%
Begin belê op ouderdom 20	5	12	19	29	42	54	56
Begin belê op ouderdom 30	3	7	11	16	21	27	34
Begin belê op ouderdom 40	2	4	6	8	10	13	16
Begin belê op ouderdom 50	1	2	2	3	4	5	6

Veronderstellings: • Spaarfondse voor en na aftrede groei teen 8% p.j. • Maandelikse inkomste na aftrede is 75% van eindsalaris, en styg teen 5% p.j.

beteken dat u bereid moet wees om risiko te aanvaar en ook aktief na beleggings met hoë opbrengste moet soek.

Die **Old Mutual Inkomstefonds** poog om 'n hoër inkomste as 'n kontantbelegging te lewer, met 'n mate van kapitaalgroei-potensiaal. Die fonds belê in beide kontant en effekte. Dit is geneig om meer in korttermyn-effekte te belê, wat 'n laer risiko inhou as langtermyn-effekte. Die fonds hou dus 'n effens hoër risiko in as 'n geldmarkfonds, maar met die potensiaal om 'n hoër inkomste te lewer en ook die belegger se kapitaal te laat groei. Dit is ideaal vir beleggers met kortertermyn-behoefte (2 jaar plus).

Die **Old Mutual Enhanced Income Fund** probeer 'n ekstra 1% tot 2% by die gemiddelde bankdeposito-opbrengste voeg. Dit het die potensiaal om 'n maandelikse inkomste met 'n beduidende 20% te verhoog. Die fonds belê in 'n portefeulje met uiteenlopende inkomsteskeppende beleggings, wat blootstelling aan die kapitaalgroei-potensiaal van effekte en genoteerde eiendommeffekte insluit wanneer gepas. Dit beteken die fonds het 'n hoër risiko as die Inkomstefonds, maar die potensiaal om oor die langer termyn 'n hoër inkomste en kapitaalgroei te lewer. Dié fonds is vir beleggers wat oor 'n effens langer termyn wil belê (3 jaar en meer).



Ralph Mupita,
Besturende Direkteur,
Old Mutual
Effeketrusts



Batetoewysing in die loop van 2006

Peter Brooke, Aandelestrateeg, Old Mutual Batebestuurders

Genoteerde eiendom en aandeel was die bateklasse wat gedurende 2005 die beste presteer het, met totale opbrengste van onderskeidelik 50% en 47% vir die jaar. Effekte het swakker gevaar. Die

Alle Effekte-indeks se totale opbrengs was net onder 11% vir die jaar. Kontantopbrengste

het in enkelsyfers gebly en net 7,5% voor belasting gelewer, as gevolg van die lae inflasie/lae rentekoers-omgewing.

'n Soortgelyke tendens sal waarskynlik gedurende 2006 waargeneem word, alhoewel dit op laer vlakke sal wees. Oor die lang termyn sal aandeel waarskynlik die voorkeurbateklas bly, gegewe die strukturele verskuiwing na hoër ekonomiese groei.

Hoewel dit onmoontlik is om die toekoms te voorspel, is ons geloof in die potensiaal van aandeel op die volgende fundamentele ekonomiese faktore gegrond, wat waarskynlik die ekonomie gedurende 2006 sal dryf.

Supersiklus van kommoditeite


Ondanks baie ontleders se oortuiging dat hulpbronpryse te hoog is, is hierdie siening net op die sektor se ervaring oor die afgelope 10 tot 15 jaar gegrond. Na my mening is ons in 'n 20-jaar kommoditeitsbeermark en nie eens naby die pryse wat 30 tot 60 jaar gelede bereik is nie, en ook baie ver van die spits wat in die 1970's bereik is. China het beperkte natuurlike hulpbronne en voer grondstowwe in. Internasionale kommoditeite sal waarskynlik in aanvraag bly terwyl China steeds groei voor die 2008 Beijing Olimpiese Spele en die 2010 Shanghai Internasionale Ekspo.

Die ontluikende verbruiker

Daar is nou 'n bykomende 5.2 miljoen ekonomies aktiewe persone in Suid-Afrika! Dit beteken meer mense koop motors, huise, selfone, klere en ander verbruikersartikels. Elektriesing van huishoudings het van 58% tot 84% gestyg, en gevolglik is daar 'n groeiende vraag na duursame goedere soos televisiestelle, stowe, stryksters en yskaste. Geletterdheid onder volwassenes het ook toegeneem. Meer mense kan dus bankrekening open. Dit het alles 'n gunstige, stuwende uitwerking op ons ekonomie.

Regeringsbeleid

Die regering het hom verbind tot 'n teikengroeiakoers van 6% teen 2012. Deel van die plan om die teiken te bereik is om staatsbesteding



te verhoog. Die voorgestelde infrastruktuur-investeringsprogram van R400 miljard sal 'n geweldige ekonomiese inspuiting wees oor die volgende paar jaar. Meer werkgeleenthede beteken groter besteding, wat weer maatskappywinste opstoot.

Laer koste van kapitaal

Terwyl inflasie onder beheer is, sal rentekoerse waarskynlik laag bly. Lae rentekoerse beteken verbruikers kan bekostig om teen 'n laer koste te leen. Hul waargenome besteebare inkomste is dus meer (wat die kleinhandelsektor bevoordeel en maatskappywinste verhoog). Maatskappye met volop kontant kan ook hoër (belastingvrye) dividende betaal.

Met inagneming van hierdie faktore lyk Suid-Afrika se groeivoorsigte goed. Dit belooft goed vir genoteerde maatskappye terwyl hulle steeds groei en uitbrei.

WAT OM TE VERWAG

Aandele: Ons is van mening dat langtermynbeleggers hul aandeelbeleggings moet behou, maar hul opbrengsverwagtinge moet aanpas. Beleggers is oor die afgelope 30 maande met onvolhoubaar hoë opbrengste bederf. Die momentum is aan die afneem en ons verwag laer, maar nog steeds aantreklike totale opbrengste van tussen 10% en 15% van die JSE Alle Aandele-indeks.

Eiendom: Die eiendomsiklus bly positief as gevolg van relatief lae inflasie, die laagste rentekoerse in 24 jaar, 'n sterk kleinhandelsaanbodkettering en 'n verbetering in die vraag na ruimte. Heelwat van hierdie goeie nuus is egter reeds in aandeelpryse verdiskonteer. Sterk kapitaalwinst soortgelyk aan dié van 2004/2005 lyk dus onwaarskynlik. Eiendom is 'n uitstekende diversifiseerder

en behoort effekte en kontant oor die medium termyn te oortref.

Effekte en Kontant: Rentekoerse sal na verwagting laag bly en die sentrale bank sal waarskynlik nie sy inflasiesiening in die nabye toekoms verander nie. Dit behoort geldmarkkoerse en effekte-opbrengste naby die huidige laer vlakke te hou.

DIVERSIFISEER

Alle beleggings hou 'n mate van risiko in – of dit nou die risiko is dat aandeelpryse kan daal of dat kapitaalgroei nie inflasie kan klop nie. Die sleutel tot risikobestuur is diversifikasie – beide plaaslik en internasionaal.

KORTLIKS

Aandele: Totale opbrengste van 10% tot 15% per jaar oor 'n tydperk.

Eiendom: Met bygevoegde uitkeringsgroei verwag ons $\pm 10\%$ per jaar oor 'n tydperk.

Effekte: Het reeds by laer inflasie aangepas – verwag dus $\pm 8\%$ per jaar oor 'n tydperk.

Kontant: Bly waardeloos, veral ná belasting! Verwag $\pm 7\%$ per jaar oor 'n tydperk.

Buitelandse beleggings: Redelik billik gewaardeer; 'n mate van buitelandse blootstelling raadsaam vir risikodiversifikasie.

Fondsfokus: Hoëdividendfonds


Die huidige lae rentekoers-omgewing vernou die gaping tussen nabelaste opbrengste op rentedraende beleggings, en dividende wat op aandeel verdien word. Bates met dividendopbrengste word al hoe meer gewild omdat hulle 'n volgehoue langtermyn-inkomste asook die potensiaal vir kapitaalappresiasie bied.

Die Old Mutual Hoëdividendfonds het die unieke mandaat om slegs in aandeel met hoë opbrengste te belê. Die fonds fokus op fundamenteel gesonde maatskappye wat hoë dividendopbrengste lewer en goeie groeivoorsigte oor die medium termyn toon. Die fonds se maatstaf is om 'n opbrengs van minstens 5% p.j. op die aanvanklike netto belegging te lewer.

“Die fonds het 'n unieke mandaat om 'n teiken-dividendopbrengs te behaal, met kapitaalappresiasie as 'n sekondêre doelwit,” sê fondsbestuurder Douw Steenekamp. “Ons sal nie van hierdie mandaat afwyk om prestasie te probeer verkry nie. Terselfdertyd verhoed die mandaat nie dat die fonds in die regte omstandighede voortrefflike kapitaalappresiasie behaal nie.”

Teen die einde van 2004 moes Old Mutual noodgedwonge die Hoëdividendfonds tydelik vir nuwe beleggings sluit omdat dit gelyk het of die opbrengsdoelwit waarskynlik nie in die volgende jaar bereik sou word nie, as gevolg van die heersende vlak van die mark op daardie tydstip.

Uiteindelik het die fonds gedurende die 12 maande tot einde Desember 2005 met 28% geappreieer en 'n opbrengs van 4,8% gelewer. Hoewel dit effens laer as die teiken van 5% is, vergelyk hierdie belastingvrye opbrengs nog steeds baie



gunstig met enige rentedraende opbrengste wat op 'n nabelaste grondslag in die mark beskikbaar is. Teen 'n belastingkoers van 40% sou u rente van meer as 8% moes verdien het om hierdie dividendopbrengs te klop – en dit is sonder inagneming van die kapitaalgroei-potensiaal van aandeel.

“Wat dividendbetalende aandeel so aantreklik maak, is dat maatskappye oor die algemeen geneig is om hul dividende op te stoot,” sê Douw. “Selfs in tye van lae winstgroei gebeur dit selde dat maatskappye hul dividende verlaag, wat beteken dat dividendinkomste heelwat minder onbestendigheid toon. Hoewel daar miskien elders beter opbrengste beskikbaar is, gee beleggings met dividendbetalings aan beleggers groter sekerheid.”

Beleggers wat sedert aanvang (November 1998) in hierdie fonds belê het, het in 2005 'n dividendopbrengs van 18,8% op hul aanvanklike netto belegging ontvang – belastingvry!

Bronne: Deutsche Bank, INET-Bridge, MoneyMate en OMBB, uitkerings herbelei, NBW-NBW pryse.